

## **TOULEIER**



## Geluk aan 'n baie besondere vrou!

**V**andag, die 20ste Julie 1969, het die Amerikaners die eerste keer op die maan geland. Die hoofrede hoekom ek die datum so goed ken is nie net omdat dit ook my matriekjaar was nie, dis ook my moeder se verjaarsdag.

Gun my die kansie om vandag hier uit die verre haar verjaarsdag te vier en julle bietjie meer te vertel van hierdie besondere vrou in my lewe.

Hettie Fourie is vandag 85 jaar oud. Sy is in 1930 gebore agter 'n asbos in die veld naby Olifantshoek. Jongste dogter van agt kinders van Hester en Andries Gerhardus Visser. Ja, bietjie van AG Visser se bloed loop ook in my are! Oupa Andries was aan't trek met sy skaap op soek na weiding.

Gedurende my Matiejare vat sy haar derde man Piet Fourie, veiligheidsoffisier op die asbesmyne, en behartig sy die mynmenasie op Koegasbrug. Toe die myn toemaak, is hulle Pomfret toe. Pomfretmyn was naby die Botswana-grens en so bleddie ver van als af dat hulle omtrent nooit die kinders gesien het nie.

Ek en kamermaatjie was darem die enigste paartjie wat ooit in hulle kerkie getrou het. Sindile besluit toe hy gaan nie so ver van die beskawing aftree nie. Hulle besluit toe op Boshof, want volgens hom sou mens die kompas se punt daar kan indruk as jy die middelpunt van Suid Afrika bepaal.

Die tweetjies het gereken dat die kinders dan geen verskonings kan hê om nie te kom kuier nie. Dit het egter nie so gewerk nie en hulle probeer toe maar Reddersburg, wat darem nader aan die nasionale pad is. Uiteindelik besef hulle jy moet reg in die kinders se pad bly, nie langs dit nie. So eindig hulle toe op langs my peetma, Max, Hettie se suster in Pienaarstraat, Richmond in die Karoo waar my moeks tot vandag toe nog alleen woon en waar sy al vir die afgelope 28 jaar, somer so uit die huis uit, vis verkoop vir 'n ekstra inkomstetjie. Hoofsaaklik snoek wat sy steeds van dieselfde man in George kry.

Na haar studiejare in Oudtshoorn werk sy eers vir prokureurs en aktebesorgers in die Kaap en toe in Upington, waar sy getrou en haar drie kinders gehad het. Hettie se gedagtes is vandag nog skerper as 'n Minora-lemmetjie en sy hekel en brei dat die wolle waai terwyl sy van krieket tot Wimbledon kyk en vir my laat weet teen wie en wanneer Arsenal volgende speel. Ek reken krieket is haar gunsteling en sy ken elke Proteaspeler by name. Moenie waag om voor haar 'n skewe woord van Hansie Cronjé te sê nie, sy het 'n besonder sagte plekkie vir hom.

Terwyl ons hier in Katar werk, koop ek eendag vir haar 'n tablet en verduidelik dat sy daarmee vir ons e-posse kan stuur en ons selfs op Skype met mekaar sal kan gesels.

Aanvanklik het sy die ding net so gekyk en gevra wat moet 'n mens van haar ouderdom nou met so 'n kontrepsie aanvang en hoe sy dit ooit gaan verstaan. Stil-stil het sy egter die internetwêreld betree en vandag is Google glad nie meer vir haar 'n vloekwoord nie. Sy doen ook nog dikwels vir my vertalings van julle lesers se bydraes.

Kom ons klink 'n glasie van daardie beroemde fisant se Skotse watertjies saam met haar.

Lekker verjaar, moeder van my. Ons is daar in die gees, mag dit 'n heerlike dag wees!

**Hennie Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER pos@onsdorp.com**

# Om die kampvuur

## Nuwe en vergete woorde in Afrikaans

Het jy gehoor? Die zef meisie se berk was so kwaad oor beurtkrag dat hy om sterkgevreet gehou het.

Nee, julle hoef nie weer Afrikaans van voor af te leer nie – dis net 'n sin met vier van die 3 228 nuwe trefwoorde wat in die HAT (Handboek van die Afrikaanse Taal) se sesde en jongste uitgawe verskyn.

Die woorde is zef (met 'n gebrek aan goeie smaak en afgerondheid), berk (kêrel), beurtkrag en sterkgevreet (dapper).

Ander nuwes is wolk (kragtige rekenaars se netwerk), slimfoon, bunnychow, hommeltuig, smoothie en zamazama (onwettige mynwerker of kansvatter).

Daar is ook 'n afdeling vir vergete woorde: charlatan (kwaksalwer, bluffer), uitentreu-ke (sonder ophou), mitsgaders (bowendien) en negosiant (handelaar).

Ook grabbelsak (sak met allerlei artikels), kittelorig (liggeraak) en wiesiewasie (beuselagtigheid).

## Skatkis gesegdes

Hol wange soos 'n toegeslane brood.

Hol toonnaels soos 'n soplepel.

Plooigesig soos 'n mofskaap.

Deurskyn ore soos 'n vlakhaas.

Uitstaanboude soos 'n melkkoei.

## Historiese humor

'n Lid van die Amerikaanse senaat het oor die speaker se kaal kop gevryf.

"Lekker glad. Voel nes my vrou se boude," het hy gesê.

Die speaker het oor sy kaal kop gevryf en teruggekap:

"Ja, inderdaad. Dit voel net so."

## Limeriek

Toe 'n spekvet ou gammat,  
Abdol,  
hom wou weeg en die skaal  
skielik lol  
en op "20" bly staan  
gaap Gatiepie hom aan  
en sê: "Haai ou Abdol - djy is  
hol!"

## ONS DORPIES (8)



## Molteno

Die ekonomie van Molteno het eens op steenkool berus na die ontdekking in die 1860s, ook by Indwe en Dordrecht. 'n Myndorp met die naam van Cyphergat het sowat 10 km suidoos van Molteno ontstaan.

Cyphergat is vandag 'n spookdorp.

Die Kloktoring-medisyne-reeks van Ambrose Lomax het hier ontstaan. Dis ook die tuiste van die Ouma-beskuit-fabriek en die tuisdorp van die kunstenaar en skrywer Johannes Meintjes.

Die dorp is in 1874 gestig en die laagste SA temperatuur van  $-18,6\text{ }^{\circ}\text{C}$  in in die distrik op die plaas Buffelsfontein gemeet. Die Slag van Stormberg is in die ABO hier beslis.

## Die herkoms van gesegdes (51)

**Voëlvry:** Iemand voëlvry verklaar (bepaal dat enigeen die persoon ongestraf mag doodmaak): Om voëlvry verklaar te word het enersyds beteken dat iemand vry was om jou soos 'n voël te skiet; andersyds, as jy klaar geskiet was, moes jou lyk op die veld gelos word en nie begrawe word nie. Dit het die voëls van die hemel vry gelaat om op jou te kom aas.

**Voet:** Voet by stuk hou (nie van jou plan afwyk nie; nie afdwaal nie)

Een verklaring is dan dat jy jou voet op 'n lyn sit wat dien as grens tussen jou en die opponent, met die implikasie dat hy moeilikheid sal kry as hy oor die streep trap – iets wat baie bekend was by skoolseuns.

**Voet:** Met die verkeerde voet uit die bed klim (nors en nukkerig wees)

Die verkeerde voet is die linkervoet. Volgens ons oervoorouers was dit ongelukkig om aan die linkerkant van die bed af te klim, of om die grond met die linkervoet eerste te raak. Die linkerkant is verbind met die weste, waar die son ondergaan, en was dus simbool van die dood.

# Duskantlander in Anderkantland

## Pak jou Tarzan-borshare in!

**Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana**

**D**ie Dik Boek sê als en almal het sy tyd. 'n Tyd om te kom en 'n tyd om te gaan. So verstaan ek hoekom bestuurders van mouterkarre hier in Ghana nes dagga-besetenes op die paaie aangaan. Die hele Sondag sit hulle sardientjie-styf in die bloedige hitte en kerk hou. Geseënd en uitgespaar, kan hulle sekerlik nie wag om met mouters deur daai goue hekpoorte te storm nie!

Akkra se paaienetwerk is 'n erge frustrasie vir elke ander padverbruiker met gatbrand aspirasies vir spoedvark-streke. Net soos in Angola, is daar te veel mouters in 'n stad sonder stadsbeplanning. Stadsbeplanning is 'n illusie, behalwe as jy beplan om iets te bou. Maar die ouens kleur hulle dag se verveling in wanneer hulle soos supersluipers in gaatjies tussen ander mouters deurglip. Vinnig, wanneer 'n selfoon in 'n toiletbak val. Jy sien dit in stadige aksie, maar is altyd te laat om dit te keer. Tussen verkeersligte kan dieselfde mouter elke keer op 'n ander hoek van jou mouter stilhou- al hou jy in jou baan.

Man of vrou, jy moet Tarzan se borshare hê om as vreemdeling hier te wil bestuur. Eers moet jy soos 'n sirkusnar deur vlamme hoepels van burokrasie spring om jou rybewys te laat heruitreik.

Dan moet jy gat-om dink om aan die linkerkant te bestuur en aweregs om 'n verkeersirkel te ry. Kyk strak voor jou, wikkel soos 'n muis op satynslippers jou mouter se neus in aankomende verkeer in. Stuur vurige skietgebedjies boontoe dat die ouens se remme werk om sentimeters van jou af stil te hou en jou in die verkeerstroom in te laat. As vrou moet jy net pateties lyk en elke aankomende bestuurder aanstaar. Iemand sal mettertyd stilhou en die vreemdeling 'n kans gee om in die verkeer in te glip. GPS het sekerlik hande in die lug gegooi in hierdie plek, want hier is bitter min straatname.

Laatnag word die manne en muise van mekaar geskei in groot gebuede sonder krag. Met geen verkeersligte of straatligte in werking, moet jy die dimensies en krag van jou mouter goed ken. Voorafkennis van waar slaggate is en hoe wyd die oop rioolslote langs die pad is, kan jou 'n wrede ontnugtering spaar. Deesdae neem plaaslike mense self hulle kinders en honde se eie veiligheid onder hande.

Hulle gooi vooroggend sommer so self 'n kombinasie spoedhobbels in die pad! Dink jou dit in, elke ander slim Piet wil sy eie hobbels dikker en hoër as die vorige ene hê! Jy moet self besluit wat vandag uit en afval, karspieëls of valstande.

Eintlik is hulle fantastiese bestuurders, want hier is min verminkte wrakke op die pad. Motorfietsryers is regte egte Kamakazi *wanna-be's*. Hulle kry hulle kenzstrepies as hulle soos natpoep oor rooi verkeersligte tussen kruisverkeer oorglip. Ander motoriste het geen respek vir hulle nie en sal doelbewus die gapings tussen bane vernou net om *chicken* te speel met motorfietsryers. Daar word net skouers opgetrek en aangery as 'n motorfiets sulke lang breek-en-vasdruk-strepe in die verwerk van twee mouterkarre nalaat. Niemand stop en spring uit en bars 'n aar in die kop wanneer iemand jou buffer agterlangs so steel stootsoentjie gee nie. Kyk net noord en fladder voort.

Kerk in hierdie land is groot besigheid. Slaat jou oë op na die hemel, dan kyk jy vas in groot advertensieborde. Die foto's met 'n string van vyf of sewe begaafde priesters met statige engeltjie-vroom uitdrukkings. Hulle word ingevoer van een of ander beloofde land om begeesterde hele naweek, deurnag preke te lewer.

Daar's groot woorde soos "heilige vuur", maar dis nie die braaivleis soort nie. Mouterkar ry hier in Akkra is opwindend soos speel met vuur. Voordat jy jou limiete in die verkeer kom uittoets, maak seker jou Dikboek-sake is reg, en pak jou Tarzan-borshare in.

Vergewe altyd jou vyande. Daar is niks  
wat hulle so irriteer nie.

- Oscar Wilde

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos @onsdorp.com



## JOGA

Dogter aan haar pa:

"Pa, daar is iets wat my kêrel van my gesê het wat ek nie verstaan nie. Hy het gesê ek het 'n pragtige onderstel, lieflike lugsakke en 'n fantastiese buffer."

Pa: "Sê vir hom as hy probeer om jou enjinkap te lig en jou olie met sy meetstok te toets, sal ek sy moere so styf vasdraai dat hy by sy uitlaatpyp begin lek."

## BAIE ERGER

Ek sit een oggend langs 'n hawelose man.

"Verlede week nog het ek alles gehad," sê hy. "Gekookte kos deur 'n kok, my klere is gewas en gestryk, my kamer is skoongemaak en daar was 'n dak oor my kop.

"Ek het TV en internet gehad. Ek kon gimnasium toe gaan, die swembad, die biblioteek . . ."

"Wat het toe gebeur?" vra ek hom. "Dwelms? Drank? Egskeiding?"

"O, nee," sê hy. "Niks van daai soort nie. Hulle het my net uit die tronk ontslaan."

**Wysheid kom met die ouderdom. Soms kom die ouderdom alleen.**

## DEMOKRASIE

Die baas se sekretaresse was besig om in die kantoor rond te strompel, totdat hy raaksien dat sy haar skoene aan die verkeerde voete het.

Hy wou nie onbeskof wees nie en fluister vir haar: "Ek dink jou skoene is aan die verkeerde voete."

Sy het afgekyk na haar voete: "Jinne, dit verduidelik hoekom ek so ongemaklik voel! Ek dink ek het my skoene aangetrek toe my bene gekruis was." (Of sy 'n blondine was? Die grappie sê nie.)

## BANK MEISIES

Die manne het opgehou om Absa bank se meisies uit te neem:

Today, Tomorrow, together.

Hulle neem nou Standard Bank se meisies uit:

Simpler, Better, Faster.

## KOMMER

'n Vrou bekommer haar oor die toekoms totdat sy 'n man kry.

'n Man begin hom eers oor die toekoms bekommer wanneer hy 'n vrou kry.

## BRILLE

Meisies wat bril dra, kan net so aantreklik wees soos die wat nie bril dra nie.

Dit hang net van hul raamwerk af.

## WERK HARDER!

Daar is miljoene mense in die land wat van welsyn leef. Hulle maak op jou staat!

## PEANUTS deur Schulz



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak



## Lekker moles op 'n outydse Boeredans!

Toe ek so 'n jong knaap was, was een van die tradisies in ons kontrei dat daar elke Saterdag 'n dansparty op een van die plase gehou is. Dit is 'n "Plesier" genoem.

Een aand, by so 'n Plesier, het 'n man - ons sal hom maar Basie noem - 'n paar doppe te veel ingehad en 'n paar danse te veel met 'n sekere vrou gedans.

Die twee gaan maak toe 'n draai in die spens, waar die "verversings" was. Ou Basie se vrou, Katryn, volg hulle so twee minute later. Wat sy daar sien, laat haar moeder strip en ou Basie maak vir die kombuisdeur met Katryn op sy hakke!

Sy sien die spantou agter die kombuisdeur hang en gryp hom sommer so in die hardloop. Voor die deur het 'n groot ou seringboom gestaan. Toe Katryn uitspring, is sy op ou Basie se hakke en sy streep hom!

Ná die derde keer om die boom besef sy dis mos onnodig dat sy ook hardloop. Sy stop toe net daar en gaan staan so twee tree van die boomstam af. Ou Basie kom volspoed verby en sy lóói hom.

Hy kom niks agter nie en laat waai al om die boom, en elke keer as hy verby kom kry hy! Die ander gaste staan toe al almal buite en geniet die petalje terdeë . . .



## Fanie maak 'n foutjie

**'n Jongman wat graag 'n verjaardagpresent vir sy nooi wou koop, het sy suster saamgeneem om hom te help om die regte een te koop.**

Sy kies toe 'n paar handskoene wat hy vir sy meisie koop. Die suster koop toe vir haarself 'n paar broekies.

Die meisie in die winkel maak toe 'n foutjie. Sy ruil die twee pakkies per abuis om. Die meisie kry toe die handskoene, en die arme ou kry die broekies wat hy gaan pos met die briefie wat as volg lees.

### Liefste Gertruitjie,

Ek stuur vir jou die brief en die presentjie om jou te wys dat ek nie jou verjaarsdag vergeet het nie. Ek het gedink jy sal daarvan hou, want ek het gesien jy trek nooit sulke goed aan as ons uitgaan nie, en dit is nou koud in die aande.

Ek het die dame in die winkel dit laat aanpas, en sy lyk baie mooi daarmee. Sy het my 'n paar gewys wat sy al twee jaar dra en dit makeer nog niks. Ek wou eers die langes koop, maar my suster sê die kortes is beter, want dit is makliker om 'n vinger in te kry. EK wens ek kon dit die eerste keer vir jou aantrek.

Truitjie, die meisie in die winkel sê as jy dit uittrek, moet jy altyd bietjie daarin blaas, want dit sal 'n bietjie klam wees van die sweet en dit mag later onaangenaam ruik. Sy sê sy gooi altyd bietjie lyfpoeier in hare wanneer sy dit uittrek.

Ek hoop jy sal daarvan hou.

**Met Liefde.**

**Fanie.**



## 'n vreemde storie oor

## 'n **BAIE** unieke moord

**Hou julle van 'n goeie moordmisterie, een wat beter is as wat Agatha Christie ooit kon uitdink – en dan is dit ook nog die reine waarheid!**

Op 1994 se jaarlikse pryswenersfunksie van Forensic Science (AAFS) het die voorsitter, dr. Don Harper Mills, die gehoor verbyster met die wetlike implikasies van 'n bisarre dood.

Hier is sy storie:

Op 23 Maart 1994 het die ondersoek op die liggaam van Ronald Opus getoon dat hy aan 'n skietwond in die kop beswyk het. Hy het van 'n tienverdieping-gebou gesprong in 'n poging om selfmoord te pleeg en het 'n nota te dien effekte nagelaat.

Toe hy verby die 9de vloer val, is sy lewe onderbreek deur die skoot van 'n haelgeweer deur 'n venster en hy het dadelik gesterf. Nie die skut of die oorledene het geweet van die veiligheidsnet net onder die 8ste verdieping wat aangebring is om bouwerkers te beskerm nie. Ronald Opus se selfmoordpoging sou dus misluk het!

**Wanneer jy persoon A wil doodmaak en persoon B sterf in die proses, is jy skuldig aan die moord op persoon B.**

Die kamer waaruit die skoot gekom het, was die tuiste van 'n bejaarde man en sy vrou. Hulle was besig om driftig te baklei en hy het gedreig om haar met die haelgeweer te skiet. Die man was so opgewerk dat sy skoot sy vrou heeltemal gemis en mnr. Opus getref het.

Wanneer jy persoon A wil doodmaak en persoon B sterf in die proses, is jy skuldig aan die moord op persoon B. Toe die ou man hoor hy kan van moord aangekla word, was hy en sy vrou onwrikbaar dat hulle gedink het

die geweer is nie gelaai nie. Die ou man het gesê dis een van sy ou gewoontes om sy vrou met 'n ongelaaide haelgeweer te dreig.

Hy het glad nie bedoel om haar te vermoor nie. Die dood van mnr. Opus was dus 'n ongeluk as aanvaar word dat die geweer per abuis gelaai was.

Die voortgaande ondersoek het 'n getuie opgelewer wat gesien het hoe die egpaar se seun die geweer sowat ses weke voor die fatale ongeluk gelaai het.

Dit het geblyk dat die ou tante gedreig het om haar seun se geldelike ondersteuning op te skort. Hy het toe – wetende van sy pa se manier om sy ma te dreig – die geweer gelaai met die verwagting dat sy pa sy ma sal doodskiet.

Omdat die seun hiervan geweet het, was hy skuldig aan moord, hoewel hy nie die sneller getrek het nie. Dit het nou 'n saak van moord teen die seun geword vir die dood van Ronald Opus.

**En nou volg die buitengewone draaipunt in die moordsaak . . .**

Verdere ondersoek het getoon dat die seun Ronald Opus was. Hy het ongeduldig en ongelukkig geraak dat sy poging om sy ma te vermoor, misluk het.

Dit het daartoe gelei dat hy op 23 Maart van 'n tienverdieping-gebou gesprong het en gedood is deur haelgeweeervuur vanuit 'n venster op die negende verdieping.

Die seun Ronald Opus het eintlik homself vermoor en die saak is as selfmoord gesluit.

**'n Ware verhaal van Associated Press.**

# Stamboom

## Help ons familiesoekers

**GELDENHUYS** [dirkgeld13@lantic.com](mailto:dirkgeld13@lantic.com)

Ek wil graag meer uitvind van my oupa en ouma grootjie, Dirk Christoffel Geldenhuys gebore in 1876 en oorlede in 1919 en Emma Henrietta (du Plessis). Hulle het in Johannesburg gewoon en later verhuis na Davel. Ek sal graag meer inligting wil he van hulle tyd in Johannesburg Hy was 'n oom van Louw Geldenhuys.

**NIEUWENHUIS** [admin@kbvs.co.za](mailto:admin@kbvs.co.za)

My oupa - Paul Nieuwenhuis Betulie.

**VAN DAALEN** [Corrievdalen1@gmail.com](mailto:Corrievdalen1@gmail.com)

Christoffel Johannes van Daalen

Vader was in Ons Kinderhuis Weeshuis Bloemfontein. Hy het 'n broer gehad in Amerika wat 'n ouetehuis bedryf het. Cornelius Rudolf Van Daalen. Is daar nog na sate in RSA??

**WAIT** [wallyw27@gmail.com](mailto:wallyw27@gmail.com)

Walter John Wait (gebore Pieter Jan Antonie Oberholster)

My naam is Walter John Wait, my van is verander vanaf Oberholster na my aanneming op die ouderdom van 10 jaar nadat ek vanaf 4 jaar oud deur die Wait familie grootgemaak is. Ek het nie baie kennis oor my familie nie, en sal dit so waardeer om meer van hulle uit te vind. My pa was genoem Basie en is oorlede in 1977 en sy een broer was Vic. Sy pa was Piet (Oupa) en getroud met Lenie (stief ouma) en haar vorige van was Montgomery. Ek ken nie my ouma se besonderhede nie. My ma was Hanna (Lowings) en broer Piet en suster Carlsie. Ek sal met graagte vir jou my inligting aanstuur vir die familieboom indien jy sou belangstel, en sal dit waardeer indien jy met my die inliatina kan deel oor die Oberholsters se aeskiedenis.



**1 uit 10 KLEUTERS EET SLEGS EEN MAAL PER DAG JY KAN HELP!**

Helpende Hand se Kosblikkieprojek help dat kleuters kan groei, leer en speel met vol magles. Meer as 4 500 kleuters vind landwyd hierby baat.

SMS "Bord" na 36930 en dra R5 by tot 'n gesonde bord kos vir 'n behoeftige kleuter!

BESOEK [WWW.KOSBLIKKIE.CO.ZA](http://WWW.KOSBLIKKIE.CO.ZA) VANDAG NOG!



## Een aand op 'n trein . . .

'n Man en 'n vrou wat mekaar glad nie geken het nie en wat albei getroud was, bevind hulle een aand op 'n interkontinentale trein in dieselfde kompartement.

Hulle was eers verleë om die kompartement te moet deel, maar was albei baie moeg en het gou aan die slaap geraak - hy op die boonste bed, sy op die onderste een.

Teen eenuur die nag het die man afgeleun en die vrou saggies wakker gemaak.

"Ekskuus, mevrou, maar ek kry koud. Kan jy dalk vir my nog 'n kombars aangee?"

"Ek het 'n beter idee," het sy gesê. "Kom ons maak of ons getroud is, net vir vanaand."

"Sjoe!" sê hy. "Dit klink na 'n wonderlike idee!"

"Goed," antwoord sy. "Klim af en kry jou eie blerrie kombars!"



## LIEGSTORIE

Daantjie skiet spek

met 'n .303-geweer

Toe Daantjie Doodlieg se gryse ou moeder die môre sê: "Daantjie, as jy nie vandag iets vir die pot skiet nie, is daar nie vanaand kos in hierdie huis nie," vaar Daantjie die rante in met sy afgeleefde ou .303, met gaatjiesvisier, en sy laaste patroon.

Geluk is aan sy kant. 'n Mooi steenbok spring voor hom uit. Maar op die bok se hakke is 'n "tier" (luiperd). Daantjie moet vinnig besluit. Hy het net een patroon. Skiet hy die bok, sal die tier dit gryp en in 'n boom gaan opvreet. Skiet hy die tier, sal die bok wegkom.

Dis toe dat hy sy blinkskerp Joseph Rodgers-knipmes uit sy sak haal, oopmaak en loodreg met die punt van die .303 se loop opstel. Toe die skoot klap, trek hy die bok en die tier plat. Die Joseph Rodgers se snykant het die patroon met chirurgiese presisie in twee gekloof!

Dis nie al nie. As gevolg van die dubbele skok van die gesplyte patroon het die .303 hom so erg geskop dat hy agteroor gesteier en 'n wyfiehaas met tien kleintjies in 'n doringbos doodgeval het.

Die aand was daar kos in die huis. Aan die haaspastei wat sy ou moeder gemaak het, het hulle drie dae lank geëet.



Die skoolinspekteur woon 'n gr. 4-klas in een van Suid-Afrika se skole by.

Die juffrou stel hom voor, en sê, "Klas, kom ons wys die inspekteur hoe slim julle is. Kom ons laat hom vrae vra, dan antwoord julle."

Die inspekteur redeneer dat die klasse seker gewoonlik met Bybelonderrig begin, so hy sal 'n Bybelvraag vra: "Klas, wie het die mure van Jerigo vernietig?"

'n Minuut lank is daar algehele stilte. Toe steek Siphos hand op: "Meneer, ek weet nie wie die mure vernietig het nie, maar dit was nie ek nie."

Die inspekteur is geskok, en kyk na die juffrou vir 'n verduideliking.

"Wel, meneer," sê sy, "ek ken Siphos al van die begin van die jaar af. As hy sê dis nie hy nie, dan het hy dit nie gedoen nie!"

Die inspekteur is steeds meer geskok, storm die skoolhoof se kantoor binne en vertel hom wat gebeur het.

"Ek ken die seun nie persoonlik nie," sê die hoof, maar ek verkeer soms sosiaal met sy juffrou. As sy dink Siphos onskuldig, sal ek haar glo."

Die inspekteur kan sy ore nie glo nie. Hy gryp die telefoon op die skoolhoof se lessenaar, bel die minister van onderwys, lig haar volledig in en vra haar wat sy dink van die gehalte van onderwys in die land.

Die minister sug lank en hard. "Ek ken nie die seun of sy juffrou of die hoof nie. Kry tog net drie kwotasies van swart maatskapye en laat hulle die bleddie muur regmaak!"

Jerigo is een van die wêreld se oudste nedersettings en dateer waarskynlik van 9 000 v.C.

Dit was tot in 5 000 v.C. 'n voorspoedige stad wat toe onverklaarbaar leeggeloop het.

Die stad is later weer bewoon, maar daar is tekens van vernietiging omstreeks die 14de eeu v.C.

Volgens die Bybel het die Israëliete die stad vernietig, maar in die 9de eeu v.C. weer gestig (1 Kon.16:34).



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



Kom daar dood, siekte, geboorte of uitsonderlike tydings, gee jy 'n lysie by die sentrale af en hulle doen die belwerk.

Deur ANNELIE BOTES

**N**a 'n onlangse sakereis die Oos-Kaap in, het ek huis toe gekom vol bekneeling. Want elke dorpie waardeur ek gereis het, het bakhand in sy floingrige barmhartigheidsrok gestaan. Droëvel. Tandloos.

Wat het gebeur, het ek getob, dat dié eens blommende dorpies so op sterwe lê?

Synde 'n plattelander vir 40 jaar, verstaan ek die kleindorpse kultuur beter as psalm 23. Elke dorp het sy eie concerto. Soms majeure, soms mineur. Die dorpsmense komponeer dit sonder om te besef hulle is komponiste. En daar is altyd vele dirigente wat die ritme aangee. Stadsmense glo die platteland is idillies; dat dit teen sonsak na koeimelk en kneusklawer ruik en dat almal een groot ondersteunende familie is. Soms is dit so, soms nie.

Dis 'n leefwyse met min fasiliteite en winkels en vermaak. Jy bak-stik-soom-verfskaaf self. Woensdae as die vars vrugte en groente opdaag, storm almal kafee toe. Die dorp juig as die Huisgenoot-lorrie opdaag en almal weet as Pep Stores se stoflappe op special is.

Almal weet alles van almal. Dit skinder, beswadder, bemin, verneuk, staan saam, breek weg soos wilde skape. Môre kom die musiekjuffrou met 'n skoolkonsert, of die skaapherder staan buffer, en die spulle trop maar weer saam.

Groot okkasies is stadsaaldanse, wyksbidure, kerkbasaar, musiekkonsert, nagmaal, Kerssangdiens. Of mense geswore vyande is, maak geen saak. Hulle aanbid saam, stop wors vir die basaar, verkoop boerekerrie by die vendusie en sing Sondae Prys die Heer met Blye Galme. As hulle dit nié doen nie, bloei die dorp homself bleek.

Die één hondgetroue dirigent wat my plattelandse blyplekke se concerto's meesterlik kon dirigeer, was die handsentrale. Jy draai net die slinger om te hoor waar's die dokter, hoe ver trek die dominee met huisbesoek, wanneer word so-en-so geopereer. Of jy vra die sentrale moet rondbel om te hoor waar speel jou kind en hulle moet vir die kind sê om huis te kry. Kom daar dood, siekte, geboorte of uitsonderlike tydings, gee jy 'n lysie by die sentrale af en hulle doen die belwerk.

Met dié dat my man telkomtegnikus was, is hy altyd soggens sentrale toe om te hoor wie se fone moet in of uit; watter hokkies is verstop. Oor 'n sentralekoffietjie hoor hy dan die nagnuus. Wie se vrou het middernag skellend klub toe gebel. Wie het wie gebliksem in die kroeg. Waar het hulle die predikant se gesteelde fiets gekry. Presies hoe laat die kind gebore is en hoeveel steke die vrou moes kry.

Niks kleinlik nie. Dis bloot hoe die dorpsconcerto gekomponeer is.

So het die dorp gou geweet van die ruwe ontembare polisieman, Laurence van Zuidam, wat só graag saam met sy pêle op Smoordrift wou gaan dans. Maar sy vrou sê nee, hy moet 'n stoere vader wees vir hulle seuntjies. Jy scheme? vra Laurence. Een van sy standaard sêgoed. Sy belowe om lekker aandkos te maak en dit op sy skoot voor die TV te bedien. Jy scheme? vra hy weer.

Sy kook in vrede, want Laurence het sy liefingslied, Boesmanland, op repeat gesit. Ruiloffer vir Smoordrift se mieliemeelvloer. Trippelend dra sy die skinkbord in, maar Laurence is nêrens. Net die wind bol die gordyn. Wragtig, toe's hy lankal by die venster uit en weg Smoordrift toe. Dit hoor sy by die sentrale. Inluisterwerk.

Dié verdwyning het weke se vermaak verskaf. Nes die keer toe Bruce Pringle teen middernag nog nie 'n bull kon gooi nie en sommer sy rewolwer uitpluk en

een skiët. En die sentralemans wat wou knak oor die dominee se kat wat knaend hulle nagdienstoebroodjies kom vreet. Toe vang hulle die pastoriekat, druk 'n snoer in sy fondament op en gee 'n kragtige lui tot in die kat se derms. Hy is soos 'n missiel deur die opskuifvenster, allegro presto, en het nooit weer kom aas nie.

Só was daar vele *leitmotivs* en modulasies in die dorpsconcerto, *a passionate* gedirigeer deur die rugstring-dirigent van die dorp: Die sentrale.

Toe kom die tegnologiese outomatisering en kelder die komposisie. Vir sewe jaar ná outomatisering het ek nog daar gebly. Met my eie oë gesien hoe 'n dorpsorkes wegsterf en bedlêend word sonder sy ervare dirigent.

Dan wonder mens: Moet sekere goed nie liefsvir altyd met die donkies geploeg en met die sekel gemaai word nie?

**REGSTELLING**

**Verlede keer se AGTEROS (Veelwywery) is deur MIA CILLIERS geskryf, nie Daniël Bezuidenhout nie.  
Kammanuus vra verskoning vir die blaps.**

**KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 3 AUGUSTUS 2015**